


***<u>Uit die hoof se kantoor:</u>***

***<u>15 Januarie 2026</u>***

Geagte Ouer / Voog en Gemeenskap

Ons dank aan God dat ons onder Sy beskerming was deur hierdie afgelope feesseisoen, dat ons op Sy tyd terug is op ons plek waar Hy ons wil hê.

Baie welkom aan elkeen en elke familie by Laerskool Concordia.

Mag ons hierdie tema benut en ons plek vind in die groot legkaart van ons skool en die lewe. Mag ons besef ons doen elke dag die beste wat ons kan, en moontlik doen ons dit môre deur ondervinding anders. Mag hierdie die jaar van geslote deure wees van 2020 tot 2025 en `n nuwe oop deur waar ons elkeen skoon en nuut begin met die verlede daar gelaat. Ons kyk deur die groot voorruit van ons motor na die nuwe toekoms en nie die klein tru-spieltjie van die verlede nie.

Ons eerste geleentheid was dus die besoeke van Graad RR, R en 1 voor die skool begin het, en ons sê baie welkom aan julle. Dan die graad 2 tot 7 leerders wat op tyd soos voorgeskryf hier was, welkom. Ons leiers wat reeds met hul taak begin het as voorbeeld en ambassadeurs, dankie! Mag dit vir julle as span `n mooi jaar wees.

Ouers my grootste versoek is kommunikasie met die regte persoon. Begin asseblief daar waar u verskil en vind `n gesamentlike oplossing.  Ons gaan nie altyd die antwoord kry wat ons wil hê nie, maar een wat pas binne die raamwerk en beleid van ons skool. Saam kan ons oplossings vind sonder die woorde: “ek wil dit verder vat”. Ons luister graag as dit ons raak en so gee ons aandag en vind ons die goue weg. Beheerliggaam mag hierdie die jaar wees van draai waar ouers ook u insig en kennis benut en oplossings vind vir ons mooi gemeenskap.

My dank aan borge wat dadelik gehelp het met nodige skryfbehoeftes en ons daaglikse broodjieprojek. Saam maak ons weereens `n verskil in lewens. Dankie vir skenkings van skoolklere wat baie gehelp het in hierdie tyd met inskrywings wat meer word met versoeke.

Mag 2026 `n jaar van positiewe groei en ontwikkeling wees, waar daar ook `n draaipunt is in ons finansies. Ouers, ons sê welkom aan mevrou Mostert wat ons invorderings van ou skuld gaan behartig. Reëlings moet nou opgevolg word en beslis moet ons meer ernstig kyk na verhaling van skoolgeld. Ons kan nie meer die onderwys-personeel, admin, terreinwerkers en student asook al die

mooi wat ons doen bekostig sonder inkomste nie. Die 31 MAANDE van Januarie raak u, dan moet u besef hoe dit skole raak, waar skoolgeld nie betaal is in Oktober en November nie. Ons gaan beslis as gemeenskap hier hande moet vat en ons deel moet gee om ons skool te hou waar hy is en te bly verbeter.

Ons is baie dankbaar vir die reën wat ons velde help. Ons het met hulp die velde behandel en glo dit sal `n verskil bring met gras wat dringend hulp benodig het.

Ons moet ongelukkig met sport en vergaderings nou buite die skool parkeer. Ons besef binne en buite is voertuie altyd `n teiken, help ook hier om u voertuig so veilig as moontlik te laat met geen waardevolle items soos handsakke of rekenaarsakke sigbaar in u geparkeerde motor nie. Mag God se beskerming ook hier oor ons en ons besittings wees.

Asseblief benut D6 App en vind so inligting en kommunikasie oor gebeure by skool en veral inligtingsaande vir u kind se graad.

Ons bid dat God voor ons sal loop en dat 2026 geseënd sal wees met voorspoed, gesondheid en Salomo se Wysheid.

C Blignaut
___________________________.

C Blignaut

Hoof

